NOVEMBER-DESEMBER 2021

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

## 'N VADER VIR DIE VADERLOSE



*Makiko Tanaka*

Makiko is in Augustus 1968 in Osaka gebore. Sy het grootgeword in 'n Christelike huis en sy onthou dat sy reeds van 'n vroeë ouderdom af saam met haar ouers kerk toe gegaan het.

"Toe ek vier was, is my vader oorlede," het sy gedeel. "My moeder het baie hard gewerk om vir ons gesin te kon sorg en dit het vir my gevoel asof die versorging van my jonger broer en suster op my skouers gerus het.

Ek onthou dat my moeder tydens my grootwordjare vir ons gesê het dat ons ons nie hoef te bekommer nie, omdat die God in die hemel ons Vader is en dat Hy sou voorsien in al ons behoeftes. Dit het my getroos toe ek so alleen gevoel het. Ek het egter gevoel dat ek nie met my moeder oor sekere dinge kon praat nie, omdat sy so hard gewerk het. Ek wou haar nie belas nie. Derhalwe het ek my na God in gebed gewend.

Gedurende my tienerjare was my moeder baie besig en taamlik streng. Dit het my onder baie druk geplaas om 'n goeie kind te wees en my moeder te help, maar ek het begin om gefrustreerd te raak, omdat ek probeer het om al hierdie dinge in my eie krag te doen.

Ongeveer hierdie tyd het ek goeie vriende geword met my Sondagskoolonderwyseres. Sy het soos Christus opgetree en my geleer van die loon wat wag as ek totaal afhanklik gaan wees van die Skepper God.

Op veertienjarige ouderdom het die kruis van Jesus vir my 'n volkome werklikheid geword. Ek het heeltemal oortuig geraak van my skuld, omdat ek begin besef het hoe baie Hy gely het ter wille van my sondes.

Ek het my Bybel meer toegewyd begin lees en begin om 'n persoonlike verhouding met die Here te ontwikkel.

Ek het besef dat God my liefhet en aanvaar net soos ek is en ek is vervul met 'n gevoel van vrede en blydskap.

Ek is bemoedig deur Galasiërs 2:20: '***Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.***'

Dit het my bemoedig om te weet dat God nou binne-in my lewe en die krag sal gee om die regte ding te doen. Ek was nie meer bekommerd dat ek my moeder in die steek sou laat nie.

Toe ek hoërskool toe gegaan het, wou my moeder hê dat ek hard moet studeer, maar ek wou saam met my vriende speel en na musiek luister. Ek het gefrusteerd begin raak omdat sy aangedring het daarop dat ek goeie resultate moes kry en verder gaan studeer, maar ek wou net 'n goeie tyd gehad het soos die meeste van my vriende.

Aanvanklik het ek teëstand gebied teen die idee om kollege toe te gaan, maar toe het ek besef dat God my duidelik daarnatoe gelei het. Toe ek met my studies begin het, het ek opgemerk dat daar baie min Christene is, derhalwe het ek en my vriendin 'n Bybelstudiegroep by die kollege begin. Baie studente is hierdeur gered en gesën. God het my deur hierdie ondervinding geleer as ek gehoorsaam is aan Hom, Hy my kan gebruik om groter dinge te doen.

Nadat ek gegradueer het by die kollege, het ek begin werk by 'n bank. Twee jaar later het ek 'n Bybelkamp bygewoon. Ek het begin voel dat die Here my roep om 'n voltydse Christenwerker te word.

God het later my roeping 'n paar keer bevestig. Dus het ek die bank na vier jaar verlaat en by die Bybelskool begin studeer.

Terwyl ek die Bybelskool bygewoon het, is ek toegewys aan 'n kerk as 'n Christenwerker. Ek was in my tweede jaar by die Bybelskool toe ek my man by die kerk ontmoet het.

Hy was daardie tyd 'n Christensakeman. Terwyl ons vriendskap gegroei het, het die Here in sy hart gewerk om 'n predikant te word; derhalwe het hy ook by die Bybelskool begin studeer."

*Lees die volgende uitgawe om te sien hoe die Here Makiko se man gered het en hoe hulle twee gelei is om saam baie mense te bereik vir die Here, en ook hoe Hy hulle huwelik geseën het met vier kinders!*

## DEELTYDSE WERKER

Makiko is tans 'n deeltydse werker by Japansending en help 'n paar dae per week met verskeie projekte wat deur middel van evangeliebediening 'n impak maak op die gemeenskap.

Makiko se man, ds. Tanaka, is 'n predikant by die plaaslike kerk. Makiko met haar Bybelskoolopleiding is van groot hulp by hierdie kerkbediening. Die afgelope vyf jaar het 'n sendeling van Japansending weekliks na hulle kerk toe gegaan om Engelse evangeliese klasse aan te bied, om hulle sodoende te help om die omringende gemeenskap vir die Here te bereik. Makiko is altyd gereed om die studente van alle ouderdomme te verwelkom, asook 'n Bybelboodskap of 'n getuienis met hulle te deel.

Gedurende Mei 2019 was Japansending op soek na 'n deeltydse werker. Die Here het Makiko gelei om vir die werk aansoek te doen en sy was tot dusver 'n wonderlike hulp.

Makiko se verantwoordelikhede by Japan-

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

| | |
|---|---|
| **7-40 MONZEN CHO** | **Posbus 30106** |
| **IKOMA CITY, NARA KEN** | **WONDERBOOMPOORT 0033** |
| **630-0266, JAPAN** | **Tel: (012)377-1533** |
| **Tel: 0081-743731754** | **083 719 0227** |
| **Faks: 0081-743731681** | **Faks: (012)377-1533** |
| **www.japanmission.org** | **sa@japanmission.org** |

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING* teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 7/6, 2/7, 10/7, 31/7, 1/9, 6/9, 5/10/2021.**

**ABSA BANK:- 2/6/2021 NLM, 4/6 Strand, 4/6, 14/6 Tygervallei, 28/6 Bybels, 29/6, 2/7 NLM, 5/7 Helderberg, 14/7 Bybels vir Sjina, 28/7 Bybels, 1/8, 2/8 NLM, 5/8 Lyttelton, 5/8 Strand, 1/9 New Market, 1/10, 2/10 NLM, 4/10, 12/10, 16/10 North Ridge, 21/10 Jeffreysbaai, 28/10 Bybels.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

---

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

sending sluit in kantoorwerk, die literatuurverspreiding en hulp met die Engelse Evangeliese Program deur die gee van Bybellesse vir ouers en kinders wat die Kinderklub bywoon. Baie is geseën deur haar Bybelpraatjies en die Here is steeds besig om Makiko te gebruik om ons te help om wonderlike konneksies in die gemeenskap te maak.

Gedurende Augustus het vier lede van Japansending COVID-19 gekry en moes hulle hulleself isoleer. Derhalwe het Makiko met haar kinders na die sendingstasie gekom en ongeveer 500 bokse en pakkies traktaatjies kom kry om te gaan pos. Ons was so dankbaar vir haar opoffering en toegewydheid.

**Bid** vir wysheid en sterkte vir Makiko aangesien sy voortgaan om te help met baie van die aspekte van Japansending. **Bid** ook vir seën en beskerming vir beide ds. Tanaka en Makiko, terwyl hulle voortgaan om die Christene te bedien en die ongereddes in hulle gemeenskap te bereik.

## *CORONAVIRUS - OPDATERING*

Die meeste van ons is persoonlik geaffekteer deur die pandemie. Ons het hier by Japansending nuus ontvang van geliefde vriende en getroue ondersteuners wat na die Here toe is. In sommige gevalle is ons sendelinge begroet met die nuus dat 'n dierbare vriend of familielid skielik oorlede is.

Ons harte gaan uit na elkeen van julle wat sekerlik ook geaffekteer is deur die pandemie. Dit is tog bemoedigend om te weet dat God in beheer is en dat Hy altyd aan ons sy sal wees wanneer ons moeilike tye in die gesig staar. ***God is ons toevlug en ons sterkte, 'n altyd teenwoordige hulp in nood. Daarom sal ons nie vrees nie*** (Psalm 46:1-2). Hy belowe om ons te versterk en vas te hou gedurende moeilike tye. So moenie vrees nie, Ek is by jou; moenie bekommerd wees nie, want Ek is jou God. ***So moenie vrees nie, Ek is by jou; moenie bekommerd wees nie, want Ek is jou God. Ek sal jou versterk en jou help; ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.*** (Jesaja 41:10).

Dit is wonderlik om te weet die Here wil ons steun in die tye van swaarkry.

Die werk van Japansending was ook geaffekteer deur die pandemie. Vier Japansendingwerkers het COVID-19 gekry gedurende Augustus en moes in isolasie gaan. Alhoewel aktiwiteite stadigaan weer 'n aanvang begin neem in September moes die beplande kampaktiwiteite gekanselleer word - aangesien die area nog in 'n staat van inperking was. Soos wat die getalle verminder en meer mense ingeënt is in Oktober, het Japan die inperking opgehef in al die prefekture. Die meeste van ons aktiwiteite het hervat en is ons in staat om weer op verskeie maniere met die evangelie uit te reik na die gemeenskappe.

Ons sendelinge is weer in staat om dwarsdeur die streek te reis om die ongeredde Engelse studente wat na die plaaslike kerke gaan, te bereik. Ons is ook in staat om dikwels skole, hospitale en aftreeoorde te besoek om God se liefde te deel. Die Here gaan steeds voort om die literatuurbediening te seën, aangesien baie Bybels uitgedeel is en ongeveer 20 000 traktaatjies steeds elke maand gedruk en versprei is.

Bid dat die Here sal voortgaan om ons te seën en te beskerm, terwyl ons uitreik na die verlorenes vir Christus.

## *SPESIALE DANKBETUIGING*

Ons wil elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending ondersteun het gedurende 2021. U het 'n belangrike rol gespeel om ons te help om die Here se werk te bevorder. Ons prys die Here vir die baie saad wat gesaai is, die veranderde lewens en sy getroue voorsiening. Dankie vir die wyse waarop u voortgegaan het om ons vennote te wees in die uitreiking na die verlorenes. Ons is daardeur baie bemoedig!

***Mag HY vir u seën tydens hierdie Christusfees en vir u bewaar en gebruik in Sy diens gedurende die onbekende Nuwe Jaar. As 'n blyk van opregte waardering stuur ons graag aan u 'n kalender vir 2022.***

***Indien daar enige verandering aangebring moet word aan u adres op die koevert waarin u die brief ontvang het, sal ons dit baie waardeer as u ons asseblief laat weet.***